


„Die Beskermer” — simbool van versekering



simbool van versekering

IN September is 'n pragtige beeldhouwerk, wat die rol van lewensversekering simboliseer, in Johannesburg onthul. „Die Beskermer” is in opdrag van Die Ou Mutual deur die beroemde Hongaarse beeldhouer, Herman Wald, geskep. Dit is in die arkade van die St. Mary-gebou in Johannesburg opgerig.

Soos u op die foto links kan sien, het die kunstenaar 'n baie sterk en verbeeldingryke groep geskep.

DIE BEELDHOUER

Herman Wald, die beeldhouer, is reeds welbekend in Suid-Afrika, veral vir die Oppenheimer-gedenkfontein wat in 1960 in Johannesburg opgerig is. Dit stel agtien rooibokke voor wat angstig van een rivieroewer na 'n ander vlug.

Mnr. Wald is in 1906 in Hongarye gebore. Na sy skoolopleiding het hy 'n beurs ontvang om kuns aan die Akademie van Boedapest te bestudeer; daarna het hy onder die beroemde professor Hanock in Wenen en later by professor Totila in Berlyn gestudeer. Hy het 'n paar jaar in Parys gewerk en talryke uitstallings oor die hele Europa gehou.

In 1937 het hy na Suid-Afrika gekom om hom by sy broer, wat destyds rabbi van Oos-Londen was, aan te sluit.

In 1952 het Herman Wald 'n uiters geslaagde uitstalling in Johannesburg gehou wat hom in staat gestel het om 'n wêreldreis te onderneem. Onder meer het hy in New York uitgestal waar sy werk groot byval gevind het by die kritici wat hom met Jacob Epstein vergelyk het.

WERKE

Herman Wald, geskep. Dit is in die arkade van die St. Mary-gebou in Johannesburg opgerig.

Soos u op die foto links kan sien, het die kunstenaar 'n baie sterk en verbeeldingryke groep geskep.

DIE BEELDHOUER

Herman Wald, die beeldhouer, is reeds welbekend in Suid-Afrika, veral vir die Oppenheimer-gedenk-

miljoen Jode wat in Europa om die lewe gebring is, opgerig voor die Nuwe Joodse Ouetehuis in Sandringham, Johannesburg, en sy Joodse oorlogsgedenkteken vir die Jode van Warschau, wat in 1959 in die Westpark-begraafplaas, Johannesburg, opgerig is.

In 1961 was hy verantwoordelik vir nog 'n fontein, ter gedagtenis aan sir Ernest Oppenheimer, in die Burgersentrum van Kimberley. Dit beeld vyf diamantpioniers uit wat 'n sif vashou asof hulle diamante was — 'n simbool van die diamantnywerheid se voorespoed in Suid-Afrika. In 1966 het hy 'n borsbeeld, twee maal lewensgroot, van Albert Schweitzer voltooi, wat in brons in die Medical Tower-gebou in Johannesburg opgerig is.

KRITIEK

Van sy jongste beeldhouwerk, „Die Beskermer”, het kunskritici gesê: „Wald bereik heroïese afmetings en dramatiese krag met uitgesproke eenvoud” in die figuur van die vader, „'n peinsende beskermerende figuur wat simbolies van alle tye skyn te wees en 'n beskermerende sagtheid skyn te hê, wat effens strydig is met die gestileerde uitbeelding van die vrou en kinders”.

Hierdie bronsgroep is teenoor 'n saggrys mosaïekwerk geplaas. dra-

miljoen Jode wat in Europa om die lewe gebring is, opgerig voor die Nuwe Joodse Ouetehuis in Sandringham, Johannesburg, en sy Joodse oorlogsgedenkteken vir die Jode van Warschau, wat in 1959 in die Westpark-begraafplaas, Johannesburg, opgerig is.